A.4 NOOD EN GENESING

A.4.1 VERSLAG VAN DIE MODERAMEN: *NOOD EN GENESING*

1. DROOGTE

1.1 Die Moderatuur/ Moderamen het soos in die verlede probeer om in voeling met hierdie spesifieke nood op landbougebied te bly. Daar het ook telkens verskillende versoeke gekom tov biddae.
1.2 Die Moderamen het by ‘n geleentheid die hele land se gemeentes opgeroep vir voorbidding en ook danksegging, by ’n ander geleentheid is sinodes gevra om na gelang van hulle eie omstandighede aandag te gee aan ’n biddag/ dankdag, en die saak is ook by die TKR hanteer.

2. RAMP IN SUIDOOS-ASIË

2.1 Deur middel van SMS’e na die Moderators is die hele kerkverband dadelik opgeroep tot voorbidding en was daar ook dadelik persoonlike kontak met die Dutch Reformed Church in Sri Lanka. Ds Japie du Plessis het ’n besondere rol in die eerste dae na die ramp gespeel om kontak te bewerkstellig.
2.2 Dr Kobus Gerber en ds Japie du Plessis kon baie kort na die ramp ’n persoonlike besoek aan Sri Lanka bring. Behalwe ondersteuning aan die DRC in Sri Lanka is daar ook besoek afgelê by die Raad van Kerke in Sri Lanka en by NG sendelinge wat reuse opheffingswerk na die ramp verrig het. Dr Gerber het ook namens die SARK ’n *ministry of presence* in Sri Lanka verrig.
2.3 Gemeentes van die NG Kerk is opgeroep tot fondsinsameling, veral met die oog op Sri Lanka waar ons ’n baie besondere band met die DRC in Sri Lanka het. Ongeveer R1,7 miljoen kon in ’n baie kort tydjie ingesamel en aangewend word.
2.4 ’n Besondere woord van dank kom die sinode van Wes-Transvaal toe vir die hulp met die administreer van die rampfonds.

3. ZIMBABWE

3.1 Die Moderamen het self asook deur sy verteenwoordigers in die SARK en die NRLF voortdurend aan Zimbabwe aandag gegee. Die Noordelike Sinode het die Moderamen op die hoogte van die bediening in Zimbabwe en die wel en weë van ons lidmate en familie van kerke gehou. Die Noordelike Sinode het ook buitengewone moeite gedoen om leraars en lidmate in Zimbabwe te versorg.
3.2 Lede van die Moderamen kon ook saam met verskillende afvaardigings ’n besoek aan Zimbabwe bring.
3.3 Met die hantering van hierdie verslag by sy Maart-vergadering het die Moderamen ’n sterk-bewoorde verklaring oor die situasie uitgereik en besluit om dit self aan die Hoë Kommissaris van Zimbabwe te oorhandig. In dieselfde week het die VGKSA ook ’n sterk-bewoorde verklaring in die verband uitgereik.
3.4 In die lig van die onsekere situasie in die land sal die Moderamen aanbevelings in die die verband as ’n **laatstuk** laat dien.

4. EKONOMIESE GEREGTIGHEID

4.1 Die Moderamen asook ATLAS het hieraan aandag gegee.
4.2 Die volledige verhaal asook verslag oor die hantering van alle opdragte in die verband word weergegee in die verslag *Profesie oor profyt: ekonomiese geregtigheid – met spesifieke verwysing na die Accra-verklaring* (**Bylaag 1**)

MODERAMEN BYLAAG 1

PROFESIE OOR PROFYT

EKONOMIESE GEREGTIGHEID, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE ACCRA-VERKLARING

1. OPDRAG

Die **Algemene Sinode van 2004** het die volgende aanbeveling aanvaar:
1.1. Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Taakspan Leer en Aktuele Sake om:
1.1.1 Die projek Profesie oor Profyt soos uiteengesit in die ASK-verslag by pt 7.5, in oorleg met die Diensgroep vir Diensgetuienis te begelei en by die volgende sinode verslag te doen
1.1.2 Saam met ander deelnemers aan die projek die kerk se reaksie op die verklaring van die WBGK uit te werk.
2. Die Sinode stel ouderling (Prof) Koos Pauw as projekkoördineerder aan.

Alreeds tydens die vergadering van die **ASK op 3 Februarie 2003** is die missie van *Profesie oor Profyt* soos volg bepaal:
Op grondslag van Gereformeerde Teologie – en sonder om met bloudrukke vorendag te kom – fasiliteer hierdie projek studie, debat en meningsvorming oor ekonomiese aangeleenthede en fasiliteer die vermoë van die NG Kerk om ekonomiese en kommersiële beleid te beïnvloed.

Die visie van die projek is gestel:
Ons sien dat die NG Kerk se lidmate oor tien jaar goed ingelig sal wees oor ekonomies-maatskaplike kwessies, dat ekonomiese teorie en praktyk deur teologiese insig bepaal sal word, en dat lidmaatskap oor alle sosiale klasse versprei sal wees.

2. DIE PROSES

'n Hele aantal vergaderings is met verskeie rolspelers oor die afgelope 3 jaar gehou waartydens die opdragte bespreek is en werkdokumente opgestel is. Ons het ten nouste saamgewerk met ISWEN (*Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing*) van die Universiteit van Pretoria, wat ook administratiewe ondersteuning verleen het, en die *Parlementêre Lessenaar* van die NG Kerk. Algaande is spesifieke verantwoordelikhede aan die onderskeie persone wat daaraan saamgewerk het gegee. Die projekspan se personeel het ook gewissel en is gaandeweg uitgebrei – ook om uiteindelik 'n verteenwoordiger van die VGKSA in te sluit.

Persone wat as lede van die Projekspan betrokke was:
Koos Pauw
Willie Botha
Ben du Toit
Etienne de Villiers
Attie van Niekerk
Dons Kritzinger
Averell Rust
Willie van der Merwe
plus van tyd tot tyd: Kobus Gerber, Piet Dreyer, Piet Beukes, Christiaan Pauw en Jannie Rossouw. Ons het ook 'n samespreking met Klaus Nürnberger gehad.

Dit het van die begin af duidelik geblyk dat hierdie projek onlosmaaklik deel is van die breëre saak van ekonomiese en sosiale geregtigheid. Laasgenoemde behels onder meer die volgende:
* die uitgebreide, nasionale netwerk van die NG Kerkfamilie se Maatskaplike Dienste, wat die saak van armoede en omvattende gemeenskapsontwikkeling professioneel hanteer
* verskeie ander inisiatiewe waarby die kerk, weens sy betrokkenheid by die wetskrywende proses van die Nasionale Parlement (*Parlementêre Lessenaar*), betrokke begin raak het, soos *The Peoples Budget Campaign*, *Basiese Inkomste Toelaag* (*Basic Income Grant - BIG*) en *Benchmark Foundation*
* die Accra-verklaring wat deur die *Wêreldbond van Gereformeerde Kerke* (WBGK) in Junie 2004 aanvaar is, waarvan die NG Kerk as lidkerk deel was – om 'n NG Kerk-standpunt daaroor te help formuleer
* *Kulturele Globalisasie,* wat wel nie direk aangespreek kon word nie, maar tog implisiet deel is van die Accra-verbintenis.

Direkte samewerking met die *Algemene Diensgroep vir Getuienis,* soos versoek in die opdrag, het ongelukkig agterweë gebly.

3. INLEIDING

Soos in alle gevalle, raak 'n regering se ekonomiese beleid alle mense wat in die land woon. So is dit ook die geval met die huidige regering se hantering van die ekonomie. Dit raak die lidmate en gemeentes van die NG Kerk-familie op verskillende maniere. Sommige het weens die vrye mark en die gunstige belastingstelsel baie ryk geword. Ander ly swaar as gevolg van regstellende aksie, grondhervorming en ander maatreëls, terwyl 'n groot getal lidmate steeds onder die armste van die armes tel. Die vraag is hoe ons as Christene oor al hierdie sake moet dink en wat ons daaraan kan doen, as dit enigsins moontlik is. Ons hoor baie verskillende stemme oor die ekonomie opgaan. Sommige van hierdie stemme vra ons om onvoorwaardelik aan sekere ekonomiese filosofieë te glo. Ander stemme vra weer dat ons dit sal kritiseer. Dit is hierdie saak waarmee hierdie taakspan belas was/is. Ons moet dus ook juis vra hoe hierdie sake al die lede van ons kerkfamilie raak.

Die huidige ekonomiese stelsel word tot `n groot mate gedryf deur die strewe na profyt. Profyt as sodanig is nie 'n negatiewe saak nie. Trouens, die beginsel van profyt is 'n noodsaaklike grondwaarde vir ekonomiese groei. Profyt, as die vergoeding wat entrepreneurskap stimuleer, is grondliggend aan 'n lewensvatbare sentrale ekonomiese sisteem. Die profetiese verantwoordelikheid van die kerk hou egter in dat daar gevra word of hierdie strewe nie gebalanseer behoort te word deur ander motiewe nie, byvoorbeeld:
Om vir komende geslagte `n beter wêreld na te laat
Om groter geregtigheid en gelykheid tussen arm en ryk te bewerk
Om sinergie te vind in die wyse waarop ons die skepping van God bewerk en bewaar
Om `n beter kwaliteit van lewe (*wellness*, wat iets heeltemal anders is as rykdom) vir arm en ryk te bevorder
Om armoede te bestry en diens te lewer aan mense in hulle daaglikse bestaan (die ekonomie en die diakonie gee beide aandag aan sake soos mense se kos en water, hulle klere en behuising). Ons moet dalk weer saam met Calvyn nadink oor ons daaglikse werk as ons roeping.

Al meer word vandag aanvaar dat armoede die nommer een bedreiging is vir langtermyn, volhoubare vrede en voorspoed in Suid-Afrika. Onderliggend aan die verskynsel van armoede is daar 'n komplekse netwerk van ekonomiese en sosiale sisteme, wat ten minste beteken dat die oplossing daarvoor nie enkelvoudig by een enkele sektor in die samelewing berus nie. Die kerk is egter wel een sektor van die samelewing wat hierby betrokke is, aangesien dit in die kerk oor die wel en wee van mense gaan.

Tog word die vraag soms gevra: Hoekom is die kerk betrokke by ekonomiese en sosiale aangeleenthede? Bestaan daar nie (weer) die gevaar van inmenging in die politiek van die dag nie? Gaan die NG Kerk dan nie weer sy vingers verbrand soos in die tyd van apartheid, toe die kerk vir 'n bepaalde sosio-ekonomiese beleid 'n teologiese begronding verskaf het nie?

So 'n gevaar bestaan natuurlik – en alle pogings van kerklike kant om op een of ander wyse nou in die nuwe bedeling by die verskillende owerheidsvlakke (staat) betrokke te wees, behoort met die nodige omsigtigheid uitgevoer te word. Tog kan die Christelike gemeenskap nie sy verantwoordelikheid ten opsigte van die hele omvattende saak van ekonomiese en sosiale geregtigheid systap nie.

Want,
* in soverre as wat hierdie saak van ekonomiese en sosiale geregtigheid met die menswaardigheid van alle mense te doen het; en
* in soverre die Bybel duidelik praat van 'n God wat by die skepping en onderhouding van die heelal betrokke is; en
* in soverre ons in terme van ons tradisie (met spesifieke verwysing na ons belydenisgrondslag) ons daartoe verbind om die heerskappy van God op alle terreine te bevorder en daarmee die begrip van die Koninkryk van God in die breë visie van die kerk tot uitdrukking bring, stel dit aan ons 'n uitdaging om ons roeping as kerk in Suidelike-Afrika na te kom.

Soos reeds gestel, het ons hier te doen met 'n komplekse netwerk van ekonomiese wetmatighede en filosofiese denkrigtings. Dit beteken dan dat die kerk ook geroep word om aan die een kant die maatstaf van Christelike geregtigheid toe te pas op die faktore en sisteme wat die ekonomie genereer, maar aan die ander kant ook die gevolge daarvan op mense, veral met betrekking tot hulle menswaardigheid, moet beoordeel. Hier is daar dus 'n kritiese (profetiese) rol te speel ten opsigte van dit waarin mense glo en doen en die mate waarin ekonomiese voorspoed (profyt) sommige mense tot voordeel is en andere nie. Dit gaan ook oor die vraag wat rykdom en die begeerte daarna met mense in die kerk maak.

In die verlede het teologiese studente op voorgraadse vlak met dissiplines soos die Wysbegeerte (of Filosofie), Sielkunde en Volkekunde kennis gemaak. Mens sou die opmerking kon maak dat dit ‘n verarming in die opleiding van predikante is, dat daar in die nuwe kursusse nie dieselfde verpligte blootstelling is nie. Want, juis in hierdie tyd sou dit toepaslik kon wees om studente wat teologie bestudeer, op ‘n aanvullende basis bloot te stel aan ‘n studie van die ekonomie. Dit is belangrik dat die kerk `n goeie begrip moet hê van die werking van die ekonomie, en watter rol die kerk en haar lidmate daarin kan speel. Terwyl daar baie gemeentes is wat toenemend sukkel om finansieel die mas op te kom, kan dit voordele inhou dat predikante (en daardeur, lidmate) as entrepreneurs funksioneer ten einde die nuwe omstandighede die hoof te bied. Maar, meer nog, dit sal mense in die kerklike bestuur en besluitnemings-posisies beter toerus om die konteks van die kerk te verstaan en relevante, ingeligte leiding te verskaf. Dit is veral belangrik dat daarin geslaag sal kan word om die waardes en denkwyses van die Koninkryk van God in die ekonomiese prosesse te laat funksioneer.

4. TEOLOGIESE BEGRONDING

Dus: Hoekom is die kerk betrokke by iets soos die ekonomie van ‘n land of selfs die wêreld? Hierop sou die antwoord kon wees dat dit die kerk altyd intens behoort te raak wanneer die menswaardigheid van mense deur ‘n sisteem aangetas word. Die geregtigheidsbeginsel wat deur die Christelike boodskap tot uitdrukking kom in die menswording van God in Christus, verbind die kerk daartoe om geregtigheid prakties tot uitdrukking te laat kom. Benewens dit sou enigiets wat ‘n bedreiging inhou vir vrede, stabiliteit en groei in enige samelewing die kerk (kragtens haar roeping as die lig vir die wêreld en die sout van die aarde) daartoe bring om by die sisteme wat dit veroorsaak, profeties en prakties betrokke te raak. Dit is deel van die opdrag en roeping van die kerk om as versoenings-instrument in die gemeenskap op te tree en te alle tye sover as moontlik vrede te soek en te bewaar. Daarom,

* wanneer die vrede bedreig word, stabiliteit in die samelewing so versteur word dat dit tot geweld lei, die skending van menseregte plaasvind en die menswaardigheid van mense aangetas word
* wanneer die ekonomie van ‘n land (en makro-ekonomieë binne die groter geheel van die wêreld-toneel) aan die eenkant groei, terwyl ‘n groot sektor van die land (of wêreld) se bevolking nog steeds noodlydend bly in terme van sosiale en ekonomiese status (hier word dit nie in ‘n eenvoudige oorsaaklike wyse voorgestel nie)
* wanneer dit blyk dat materialisme sy kloue in die psige van mense so korrupterend inslaan, dat selfsugtige verryking aan die een kant en die vernietigende armoede van minderbevoorregtes aan die ander kant as ‘n algemene verskynsel naas mekaar bestaan,

dan het die kerk die profetiese roeping om met die regering van die dag (en regerings in die wêreld) in dialoog te gaan ten einde ‘n beter bestaan vir alle mense te beding. Dan is daar ‘n ideologiese (teologiese in die geval van die kerk) ingryping nodig om die ekonomiese en sosiale wanbalans in ‘n meer regverdige bedeling te bestuur.

Met ander woorde: die kerk is nie in die eerste plek betrokke by hierdie saak omdat ons belange en ons voortbestaan daardeur bedreig word nie. Dit mag sekerlik ook ‘n motivering wees. Maar, die meer belangrike motivering vind ons direk in die evangelie van Jesus Christus: Jesus was die finale Woord van God aan sy skepping om ons te laat verstaan hoe Hy oor mense (en as sodanig sy hele skepping) voel. Die menswording van God in Jesus (God se humanisering) het ‘n waarde-oordeel oor die mens as sodanig uitgespreek - wat duidelik sigbaar ondersteun was deur Jesus se optrede: Dat die menswaardigheid van alle mense vir God van die allergrootste belang is.

Die teologiese begronding van sosiale en ekonomiese geregtigheid in die Ou Testament binne die Christelike kerk is alom bekend. Dit kom dikwels in verklarings en uitsprake voor – soos ook in die Accra-verklaring (waaroor daar later in hierdie verslag gehandel word). Ter wille van die integriteit van ‘n teologiese begronding, is dit nodig dat ons hierdie gebruik van die Bybel krities sal bekyk. Dan blyk dit dat sommige pogings om die Bybel vir die saak van ekonomiese en sosiale geregtigheid te gebruik, nie altyd die verrekening van die verskillende historiese, sosiale, politieke, ekonomiese en kulturele kontekste in ag neem nie – nie net binne die Bybel self nie, maar ook ten opsigte van die wêreldwye diverse kontekste van die tyd waarin ons vandag leef, in vergelyking met die onderskeie Bybelse kontekste.

Byvoorbeeld: wanneer die verdienste uit rente duidelik deur die Ou Testament afgewys word en die teruggee van grond en eiendom aan die oorspronklike besitters (Levitikus 25) gebied word, dan sou dit onverantwoordelik wees om vandag in ‘n betrokke land wat geheel en al ‘n ander ekonomiese sisteem het en (anders as die tyd van Israel in die Bybel) kultureel-godsdienstig ‘n heterogene samestelling het, ‘n direkte toepassing te maak. Omgekeerd sou dit egter ewe onverantwoordelik wees om die Bybel klakkeloos aan die *status quo* te meet. ‘n Sensitiwiteit vir konteksverskille moet nooit die

maatskappykritiese funksie van die Bybel verdoof nie, terwyl die teks binne sy konteks eerbiedig moet word.

Natuurlik is daar wat (byvoorbeeld) armoede aanbetref **sekere ooreenstemmende faktore** met die diverse Bybelse kontekste, wat vergelykbaar is met ons vandag. So is daar die magteloosheid van die armes, die uitbuiting van mense se arbeidsvermoë (slawerny wat in die Bybelse tye aanvaarde praktyk was), die onderdrukking van politieke gevangenes, en oor die algemeen dus, die miskenning van menswaardigheid van mense. Vandag kom dit nog net so voor in baie dele van die wêreld. Verder is dit so dat 'n mens ook vandag, soos in die Bybelse tyd, die inherente persoonlikheidsverskille en persoonlikheidsgebreke van individue aantref wat in hierdie toestand(e) 'n bepalende rol speel in die lotgevalle van ander. Net so is daar ook baie definitief die korporatiewe verantwoordelikheid van gemeenskappe/volke/nasies/ geloofsgemeenskappe om 'n konstruktiewe rol te speel ten bate van die noodlydendes, die armes, die weduwees en die wese.

Maar daar is egter **ook bepaalde onvergelykbare faktore**: Die kerk/staat konstrukte binne die tydspan van die Bybel, asook in die na-Bybelse tyd tot en met vandag, vertoon 'n uiteenlopende en diverse prentjie: Die aartsvaders se tyd verskil van die rigterstyd. Die rigterstyd verskil van die koningstyd. Die koningstyd verskil van die ballingskapstyd. En dit alles verskil weer van die Nuwe Testamentiese tyd. Dit is eweneens waar van die na-Bybelse tyd. Dit is belangrik om te verreken dat verskillende tye gekenmerk word deur onderskeie ekonomiese sisteme wat saamhang met die heersende staatkundige modelle wat in die onderskeie historiese kontekste van toepassing was.

Vandag, in ons tyd, skep die diverse ekonomiese en politieke stelsels in die verskillende wêrelddele, maar ook die verskynsel van globalisasie, wat hierdie sisteme weer op 'n voorheen ongehoorde skaal met mekaar in verband bring, 'n situasie wat onvergelykbaar is met enigiets wat in die Bybelse tyd aangetref kan word.

Ons sien vandag 'n verskeidenheid regeringstelsels oor die wêreld heen. Ten spyte van sosioloë en ontwikkelingsekonome se beste pogings, is daar nie finale gevolgtrekkings oor watter een van hierdie stelsels die heel beste resultate vir ekonomiese groei en toedeling van hulpbronne aan die armes gee nie. Een sentrale gevolgtrekking wat egter gemaak kan word is dat "verantwoordelike" regering (hoe dit dan ook al breedweg gedefinieer word) beter resultate gee as "nie-verantwoordelike" regering.

Op grond hiervan sou 'n verdere gevolgtrekking moet wees dat 'n demokratiese bestel, soos ons s'n, elemente van "verantwoordelike" regering bevat (of behoort te bevat) en verder dat die toepassing van basiese menseregte 'n belangrike beginsel is om "verantwoordelike" regering te bevorder. 'n Oorsig van politieke stelsels vandag lei ook tot die gevolgtrekking dat demokrasieë in 'n baie groter mate in ontwikkelde lande voorkom, as wat dit in arm of ontwikkelende lande voorkom. Met ander woorde, politieke stelsels speel dus 'n prominente rol in die ekonomiese sukses, al dan nie, van lande.

Wanneer daar byvoorbeeld vandag in sommige kringe 'n sterk en kritiese stem gehoor word teenoor die ontwikkeling van 'n sogenaamde neo-liberale ekonomiese bestel en globalisasie, en hierdie sisteem eensydig verantwoordelik gehou word vir die sosiale en ekonomiese onreg van die "arm" lande van die "suide", kom die dringende vraag na vore of daar nie ook ander destruktiewe faktore binne die arm lande self is wat ook mede-verantwoordelik is vir die onreg in baie van die lande wat soms as slagoffers van 'n diaboliese komplot voorgestel word nie. En, wat van voorheen kommunistiese en sosialistiese lande in die arm-wêrelddele wat vandag nog steeds sit met die destruktiewe gevolge van daardie politieke en ekonomiese sisteme wat die lande arm gelaat het? Dit kan tog ook nie voor die deur van die neo-liberale ekonomiese bestel en globalisasie gelê word nie.

Dit beteken natuurlik nou nie dat verwysings in die Bybel oor ekonomiese sake vir ons niks te sê het nie. Inteendeel. Dit vorm deel van die groter raamwerk van die Bybel waarin ons 'n God ontmoet met 'n groot deernis vir mense wat hulpeloos deur ekonomiese en sosiale sisteme hulle menswaardigheid verloor het. Trouens, mens sou heelwat teksgedeeltes kon aanhaal waarin 'n mens God se misnoeë met die onderdrukking van die armes en die onregverdige uitbuiting van mense in magtelose posisies kan aandui (Amos, om maar net een te noem). Ons kan tog met oortuiging vanuit die groter boodskap van die Bybel, van God se liefde vir sy wêreld en mense, soos gedemonstreer deur Jesus van Nasaret, onomwonde stel dat die Kerk 'n profetiese boodskap en roeping ten opsigte van die bestuur en toepassing van ekonomiese sisteme het. Wanneer die teologiese fokus van die Woord van God in sy geheel geneem word, is dit onmoontlik om as Christelike gemeenskap weg te skram van ons sosiale verantwoordelikheid ten opsigte van ekonomiese geregtigheid, by name in soverre as wat dit te doen het met die bevestiging van die menswaardigheid van alle mense. Hier kan maar net na enkele Skrifgedeeltes verwys word, soos Matt

25:31-46, die hele Matt 23 (Jesus se dekonstruksie van godsdienstigheid) en groot dele van die Jakobus-geskrif.

In die belydenisskrifte van ons tradisie, waarin ons gereformeerde verstaan van die Christelike geloof verwoord word, bely ons God as skepper en onderhouer van die hemel en die aarde. Daarby kom nog die dubbele liefdesgebod: Dat ons benewens liefde en toewyding aan God, ook ons naaste sal liefhê soos onsself. Dit is dus duidelik dat dit deel van die kerk se roeping is om die menswaardigheid van alle mense na te streef. So verklaar die ***Heidelbergse Kategismus*** byvoorbeeld:

Vraag 110: Wat verbied God in die agtste gebod ?
Antwoord: God verbied nie slegs die diefstal en roof wat die owerheid straf nie, maar Hy beskou ook as diefstal al die skelmstreke en liste waardeur ons probeer om ons naaste se besittings in die hande te kry. Dit kan gebeur met geweld of met 'n skyn van reg soos deur die vervalsing van gewigte, lengtemaat, inhoudsmaat, goedere, geld, deur woeker of enige middel wat God verbied. Hy verbied ook alle gierigheid en alle misbruik en verkwisting van sy gawes.
Vraag 111: Wat gebied God jou in hierdie gebod ?
Antwoord: Ek moet die belange van my naaste waar ek kan en mag, bevorder en hom so behandel soos ek wil hê mense my moet behandel. Daarby moet ek ook my werk getrou doen, sodat ek die behoeftiges in hulle nood kan help.

Die ***Belydenis van Belhar*** (vir die eerste maal in 1982 aanvaar deur die NG Sendingkerk en in sy finale vorm in 1986) moet ook hier genoem word, as deel van ons NG Kerkfamilie-geskiedenis: Die instemming deur die NG Kerk met die inhoud en boodskap van hierdie belydenis (dat dit Skriftuurlik is en nie in stryd met die *Drie Formuliere van Enigheid* nie – só is in 1998 en 2002 deur die Algemene Sinode besluit) versterk net die oortuiging dat hierdie belydenis 'n uitdrukking is van ons Christelike kerk se roeping ten opsigte van haar verantwoordelikheid om te stry vir die menswaardigheid van alle mense en, as sodanig, die stryd teen onreg en armoede behoort op te neem.

5. VERSKEIE KOMPONENTE VAN DIE KERKLIKE ORGANISASIE IS BY DIE STRYD OM MENSWAARDIGHEID EN GEREGTIGHEID BETROKKE

5.1 MAATSKAPLIKE DIENSTE

Tot 'n groot mate word daar deur middel van die programme van die NG Kerk en VG Kerk se maatskaplike dienste gefokus op maatskaplike sorg en gemeenskapsontwikkeling. Meer as R600 miljoen per jaar word deur die kerk gekanaliseer, waarvan ongeveer 20% staatsubsidies is. Dit word toenemend gedoen met 'n betrokkenheid by netwerke wat uit alle sektore van die gemeenskap gevorm word. Daarmee word gepoog om die menswaardigheid van mense, vanuit 'n holistiese perspektief, op 'n konstruktiewe en professionele wyse te herstel. Hierdie programme word op plaaslike vlak sover as moontlik met gemeentelike inisiatiewe en aktiwiteite uitgevoer. In die proses skep dit 'n meganisme vir die betrokkenheid van verskeie staatsdepartemente en plaaslike owerhede: onderwys, gesondheid, maatskaplike dienste en armoedeverligting, asook die sakesektor en ander nie-regeringsorganisasies. Hierdie programme wat gerig is op gemeenskapsontwikkeling, deur die daarstelling van menslike en sosiale kapitaal, is onontbeerlik vir die vreedsame toekoms van ons land.

5.2 INISIATIEWE VAN NIE-REGERINGSORGANISASIES WAARBY DIE NG KERK BETROKKE GERAAK HET

Intussen het die kerk ook betrokke begin raak by ander inisiatiewe waarby die *Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK*) al vir geruime tyd amptelik betrokke is. Dit het veral geskied deur middel die werksaamhede van die NG Kerk se *Parlementêre Lessenaar*, wat saam met ander kerke betrokke is by die wetskrywende proses van die Nasionale Parlement.

Hierdie inisiatiewe het 'n interessante oorsprong. Die verwagting vanuit die ekonomiese beleid van die nuwe regering na 1994 was dat die toenemende welvaart van 'n deel van die bevolking vanselfsprekend sou vloei na die minderbevoorregtes. Daarom is daar onder andere gefokus op die versterking van 'n ekonomiese middelklas. In 'n groot mate het hierdie middelklas (ook met die Swart Ekonomiese Bemagtiging-inisiatief) sterk gegroei. Dat "wins" hiervan outomaties sou groei na die armoede-gemeenskappe, het egter nie gerealiseer nie. In der waarheid het die inherente verstek-verstelling (*default*) van die mens tot gevolg gehad dat die rykes deur middel van hulle verkreë welvaart meestal net ryker geword het, terwyl die armes nie noodwendig gedeel het in die ekonomiese groei van die land nie. Hierdie diskrepansie (afstand tussen ryk en arm), aangedui deur die *gini*-koëffisiënt, is ongetwyfeld een van die belangrikste faktore wat daartoe aanleiding gee dat daar onder minderbevoorregtes 'n gevoel van frustrasie ontstaan het; dat hulle ervaring van 'n gebrek aan menswaardigheid tot sosio-maatskaplike probleme lei wat tipies is van 'n armoedekonteks. Onlangse wêreld-wye opnames het getoon dat Suid-Afrika die

tweede-hoogste *gini*-meting het. Daar is miskien baie ander lande waar daar groter armoede is, maar die verskil tussen ryk en arm is daar nie so krities wyd nie.

So het daar dan oor die jare ‘n koalisie ontstaan tussen die arbeidsektor (met name die vakbondorganisasie *Cosato* en ‘n groot getal nie-regeringsorganisasies onder die naam van *NANGOCO*) en die *SARK* oor arbeidsvraagstukke. In hierdie proses het dit duidelik aan die lig gekom dat ‘n vrye ekonomie binne ‘n liberale demokrasie inherent nie sonder meer die ideaal van die groei van die ekonomie op ‘n natuurlike wyse kan verwesentlik nie. Oor die afgelope dekade het die ekumeniese kerk ook by hierdie koalisie betrokke begin raak en het toenemend kritiese stemme opgegaan oor hierdie wesentlike gevaar in die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Dit het aanleiding gegee tot ‘n aantal inisiatiewe, soos onder andere die koalisie se werk aan die *Basiese Inkomste Toelaag* (*BIG: Basic Income Grant*), *Peoples Budget Campaign* en die *Benchmark Foundation*.

5.2.1 Basiese Inkomste Toelaag (BIG)

Die hele idee van hierdie inisiatief is dat aan alle burgers van Suid-Afrika ‘n basiese maandelikse toelaag gegee sal word. Vir baie lank is daar gewerk met ‘n syfer van R100 per persoon per maand. Die filosofie hieragter is dat dit die werklike arm mense ten minste die moontlikheid sou bied om byvoorbeeld vervoer te bekostig om werk te soek, basiese voedsel te bekom en hulle binne bereik van basiese gesondheidsorg sou plaas. Ten minste het hulle dan R100 per maand. Nou het hulle niks nie. By meer vermoënde mense, weer, sal die toelaag outomaties deel wees van hulle belasbare inkomste en dienooreenkomstige aanslag. As sodanig kom die bedrag dus gedeeltelik na die tesourie terug. Hierdie stelsel is natuurlik veel meer ingewikkeld en verfynd as wat hier aangebied word – en sou dit, sover dit die alliansie aanbetref, deel vorm van ‘n veel meer omvattende ekonomiese plan vir die staat.

Dit is egter verstaanbaar dat daar vanuit die oord van sommige prominente ekonome (waarby die regering dan self ook aangesluit het) ernstige vraagtekens oor die uitvoerbaarheid van BIG is. Sover ons kennis strek is daar net twee ander lande in die wêreld wat so ‘n stelsel bedryf – in beide gevalle vanuit sterk gevestigde eerste-wêreldse ekonomieë. Dit is dus ‘n vraag hoe dit moontlik gaan wees vir ‘n relatief jong (Afrika-) ekonomie om met so ‘n algemene toelaag aan alle mense vol te hou? Daar word ook deur kenners aan beide kante van die argument, daarvoor en daarteen, verskillende voorstellings oor die praktiese (administrasie) en ekonomiese uitvoerbaarheid al dan nie van so ‘n sisteem gemaak.

Mens behoort ook in alle regverdigheid (en die *BIG*-alliansie doen dit dan ook) erkenning aan die staat te gee dat daar oor die afgelope aantal jare in die begroting vir die uitbreiding van toelaes ruim voorsorg gemaak is (kinders, ongeskiktheid, ou mense, pleegsorg) – tot so ‘n mate dat dit alreeds tot ‘n aansienlike verligting van die nood van armoedegemeenskappe gelei het. Daardeur is alreeds van die leemtes wat deur BIG as ‘n totale ekonomiese pakket aangespreek wil word, in ‘n mate aangespreek.

Maar, die hele kwessie van ‘n middele-toets, wat tans geld vir die kwalifisering vir toelaes, is egter ‘n hoogs emosionele saak binne die konteks van die alliansie, aangesien dit volgens hulle ‘n verdere knou vir die menswaardigheid van diegene inhou wat alreeds niks het nie. ‘n Mens behoort hierdie emosionele ervaring nie te onderskat nie. Daarom (in die geval van BIG) die aandrang op ‘n onvoorwaardelike (algemene) toelaag vir alle mense. Omdat ons hier te doen het met ‘n saak wat vanuit die navorsing oor ekonomiese sisteme en filosofieë vanuit verskillende hoeke benader word, weet ons dat ons met ‘n komplekse saak te doen het.

Die taakspan *Profesie oor Profyt* het egter op 14 Maart 2006 die Moderamen (ASM) hieroor van advies bedien en die volgende as die standpunt van die NG Kerk geformuleer (in *Engels* terwille van die adressate):

The Dutch Reformed Church accepts that society has a God-given responsibility to help those who cannot help themselves. All those who are utterly destitute must receive something to enable them to start helping themselves. The market economy cannot help them because those who do not eat cannot sell their labour. Therefore we support the idea of a safety net of last resort as encapsulated in a basic income grant or something similar. We have noted that some Christian organisations and other groups with a strong social conscience have aligned themselves to influence Government to institute a basic income grant (BIG) for every citizen of South Africa. We support this in principle. However, we are aware that BIG is no solution to poverty as such. It can best be seen as a stepping stone to more effective and sustainable means to eradicate poverty such as education. Education is an important entrée into economic life. We realise that large scale social interventions such as BIG may have unforeseen and unintended consequences. Therefore, the debate on the practicalities of BIG has not been conclusively settled according to our limited understanding of the matter. The moderamen (=working committee of the General Synod) is pursuing its research and discussions on this issue and plan to meet economists who are in favour of, as well as against, the idea in the near future.

5.2.2 Peoples Budget Campaign:
BIG hang nou saam met die *Peoples Budget Campaign*, waarin gepoog word om die staat tot verantwoording te roep in terme van sy ekonomiese beleid en die belofte om armoede konstruktief aan te spreek. Hierdie inisiatief moet ook gesien word teen die agtergrond van die stryd teen apartheid wat die nuwe demokrasie voorafgegaan het, waarin die onderneming toe gemaak is dat die land in die nuwe bedeling aan die mense behoort – en dat daar dus meer inspraak deur die gewone burger sou wees in begrotingsake, as wat die sisteem op daardie stadium toegelaat het. Baie het egter gemeen dat hierdie ideaal nie in die praktyk verwesentlik is nie en dat die vraag na die prioriteite van die owerheid, wanneer die nasionale begroting jaarliks opgestel word, veel te wense oorlaat. Die PBC het dus ten doel om inspraak te lewer ten opsigte van die bepaling van hierdie prioriteite en wil sodoende toesien dat sake soos opvoeding en onderwys, basiese gesondheidsdienste (waaronder die uitdagings van HIV/Vigs), en die komplekse uitdagings van werkloosheid en armoede, aangedui sal word as hoër prioriteite as, byvoorbeeld, die verdediging van die land (waaraan daar volgens hulle te veel geld gespandeer word).

Die onderliggende argument hier is dat, indien die vryemark-ekonomie sy vrye loop neem, en daar wel ekonomiese groei kom, dit nie noodwendig beteken dat dit tot voordeel van die armes sal strek nie. Daarvoor is die armoede-konteks te gekompliseerd Daar moet dus ‘n ingreep kom in die sisteem. Die PBC wil dit deur middel van die begroting doen – en daag elke jaar die begroting van die regering uit deur ‘n alternatief daar te stel.

Uit die notule van die *Algemene Sinode Moderamen* (ASM) van 14 Maart 2006 kom die volgende besluit oor die PBC:

**1 Ten opsigte van die People’s Budget Campaign, wil die NG Kerk hom graag vereenselwig met die kritiese aandag wat daar vanuit die kring van die SA Raad van Kerke aan ekonomiese sake en veral die nasionale begroting gegee word. Die NG Kerk is ten gunste van ‘n ontwikkelingsgedrewe begroting wat veral op die behoeftes van arm mense in die land gerig is.*
**2 Die Moderamen beskik egter nie oor die kundigheid om op alle aspekte van die People’s Budget kommentaar te lewer nie en stem ook nie noodwendig met alle standpunte wat in die People’s Budget 2006-2007 dokument vervat word, saam nie.*

Ten slotte: Die NG Kerk is in ‘n baie gunstige posisie om met sy gemeente- en sinodale-strukture (met inbegrepe die maatskaplike dienste wat oor jare uitstekende diens gelewer het) vanuit ‘n holistiese (omvattende) benadering die uitdagings van ekonomiese en sosiale geregtigheid aan te spreek - as ‘n geleentheid tot getuienislewering: Daarmee dan ook die bevestiging van die integriteit van die kerk wat volgens die evangelie van Jesus Christus wil lewe.

6. DIE AARDE
Die skade wat ontwikkeling aan die ekologie aanrig, is vir `n lang tyd misgekyk, maar die vrees dat die klimaat aan die verander is weens menslike optrede het skielik dwarsoor die wêreld posgevat. Klimaatverandering is tans hoog op die agenda van talle regerings en selfs kerke, insluitende die *Protestantse Kerk in Nederland* (PKN) en talle evangeliese kerke in Amerika. Die skade wat ons aan die natuur aanrig word ook verskeie kere in die Accra-verklaring genoem.

Dit behoort egter nie net by praat te bly nie. Die kerke kan nie passief bly nie: Ons moet ons rol verstaan en met volle oorgawe daaraan werk. Die natuur is immers die skepping van God en ons as mense het die verantwoordelikheid om dit so te gebruik dat komende geslagte ook `n goeie kwaliteit van lewe kan lei. Die samewerking wat daar ontwikkel tussen ISWEN en *Kerk-in-actie* van die PKN, sowel as ander inisiatiewe oral in die kerk, moet verwelkom word.

Indien hierdie taakspan (*Profesie oor Profyt*) se werk voortgesit word, behoort daar toegespitste aandag gegee te word aan die kerk en die samelewing se verantwoordelikheid teenoor die skepping. Dit moet verband hou met aksies van die ***Algemene Diensgroep Diensgetuienis*** (ADD) om in samewerking met ander kerke asook nie-kerklike organisasies projekte te steun en te onderneem wat `n meer verantwoordelike gebruik van God se skepping bevorder. Lidmate behoort aangemoedig te word om aanpassings te ondersoek, ten einde `n meer volhoubare leefstyl te ontwikkel.

7. DIE ACCRA-VERKLARING
Die projekspan *Profesie en Profyt* het die sinodale opdrag uitgevoer om aandag te gee aan die Accra-verklaring en teologiese kommentaar daarop te lewer. Die projekspan het die verbintenis by verskeie geleenthede indringend bespreek. Die kern van die saak is dat dit hier om ‘n verbintenis gaan. Die keuse

vir die Kerk is of sy haar hiermee wil verbind, of nie. Dit gaan nie net om 'n beskouing oor die verklaring nie. Daarom moet die implikasies van so 'n verbintenis nugter verreken word.

Op 14 Maart 2005 is die ASM van advies oor die Accra-verbintenis bedien en is die volgende konsep-respons in Engels geformuleer -

Response by the Dutch Reformed Church to "Covenanting for Justice in the Economy and the Earth"
Issued by the World Alliance of Reformed Churches
24th General Council, , Ghana
July 30 – August 13 2004

We accept that the Gospel of Jesus excludes an uncritical and therefore irrational faith in the beliefs of neo-liberal economic globalisation as set out in item 9 of the declaration of faith. We reject the accumulation of wealth at the expense of the poor. We care for the earth. We refuse to admire the powerful merely because they have power and we will not revere rich people just because they are rich.

In this spirit we align ourselves with this declaration of faith.

We undertake to:
Act in solidarity with the poor: locally and globally
Avoid rampant consumerism and seek ways to live a simple lifestyle
Cooperate critically with government and others in development projects
Persevere with current – and initiate new – projects directed at fighting poverty
Promote the family as an economic growth point
Research the issues identified by die declaration of faith and
Live, teach and preach economic justice.

Always focusing on God as the Lord of all creation.

Hierdie konsep-respons is aan sinodes verskaf en verskeie het daarop gereageer. Ten spyte van die feit dat daar in die konsep-respons verwysings is na teologiese en ander perspektiwiese voorbehoude, het dit egter nog nie reg laat geskied aan die teologiese beoordeling van die Accra-verklaring, soos deur die ASM versoek nie. Hierdie konsep-respons is dan ook nog nie aan die WBGK gestuur nie, in afwagting dat die Algemene Sinode van 2007 so 'n respons amptelik sal goedkeur. In die lig hiervan wil die taakspan die sinode van die volgende teologiese beoordeling bedien:

Dit is belangrik dat die NG Kerk onomwonde ons ondersteuning aan die bedoeling van die Accra-verklaring gee. Daar behoort by ons as Kerkfamilie geen twyfel te wees dat die ellende van armoede in die lig van die voorspoed van 'n beduidende deel van die wêreldbevolking 'n skreiende onreg is nie. Dat dit in ons land, Suid-Afrika, ook die geval is, noop ons as kerk om baie ernstig introspeksie te doen oor hoe ons ons lidmate inlig en motiveer tot rentmeesterskap van die Koninkryk van God in ons samelewing. Dit sou wonderlik kon wees om onvoorwaardelik die Accra-verklaring te ondersteun. Daar is egter aspekte van die verklaring wat dit moeilik maak – en wat die integriteit van die verklaring as sodanig aantas.

Alhoewel daar dus **groot instemming** is met die algemene bedoeling van die *Accra-verklaring*, en dit as 'n belangrike profetiese stem uit die geledere van die Gereformeerde tradisie beskou behoort te word, is daar **inhoudelik sekere voorbehoude** aan te teken. Hier is dit belangrik om weer die teologiese uitgangspunte van punt 4 van hierdie verslag (Teologiese begronding) in aanmerking te neem. Sommige pogings van Accra om die Bybel vir die saak van ekonomiese en sosiale geregtigheid te gebruik, neem nie altyd die verrekening van die verskillende historiese, sosiale, politieke, ekonomiese en kulturele kontekste in ag nie – nie net binne die Bybel self nie, maar ook ten opsigte van die wêreldwye diverse kontekste van die tyd waarin ons vandag leef in vergelyking met die onderskeie Bybelse kontekste.

Wanneer daar in die Accra-verklaring 'n sterk en kritiese stem gehoor word teenoor die ontwikkeling van 'n sogenaamde *neo-liberale ekonomiese globalisasie*, en hierdie sisteem eensydig verantwoordelik gehou word vir die sosiale en ekonomiese onreg van die "arm" lande van die "suide", kom die dringende vraag na vore of daar nie ook ander destruktiewe faktore binne die arm lande self is wat ook mede-verantwoordelik is vir die onreg in baie van die lande wat nou as slagoffers van 'n diaboliese komplot voorgestel word nie. Artikel 9 van die verklaring lui soos volg:

***This crisis is directly related to the development of neoliberal economic globalization, which is based on the following beliefs**:*

** unrestrained competition, consumerism, and the unlimited economic growth and accumulation of wealth is the best for the whole world*
** the ownership of private property has no social obligation*
** capital speculation, liberalization and deregulation of the market, privatization of public utilities and national resources, unrestricted access for foreign investments and imports, lower taxes, and the unrestricted movement of capital will achieve wealth for all*
** social obligations, protection of the poor and the weak, trade unions, and relationships between people, are subordinate to the processes of economic growth and capital accumulation.*

Is dit nie ook so dat baie van hierdie arm lande wel oor die postensiaal beskik om beter te doen in terme van "verantwoordelike regering" nie. Baie van hierdie lande gaan egter gebuk onder swak regerings en wan-administrasie, magsuitbuiting, konflik en stryd tussen etniese groepe, menseregte skendings en vele ander faktore wat produktiwiteit aan bande lê en oorsaaklik deel is van die ellende waarin miljoene mense in Afrika ly. Nêrens in die Accra-verklaring word 'n profetiese stem gehoor oor hierdie wanbestuur en gebrek aan verantwoordbaarheid deur talle regerings in lande wat oor van die rykste olie, minerale en landbou-potensiaal beskik nie.

Inteendeel, vanuit 'n posisie van magtelose slagoffer-mentaliteit word daar uitgesproke voortgegaan om "neo-liberale ekonomiese globalisasie" uit te sonder as 'n georkestreerde komplot teen die mense van die arm lande deur die ryk Westerse moondhede – met Bybelverwysings om gesag daaraan te gee. So lees ons verder (Artikels 13-14):

13 As markets have become global, so have the political and legal institutions which protect them. The government of the United States of America and its allies, together with international finance and trade institutions (International Monetary Fund, World Bank, World Trade Organization) use political, economic, or military alliances to protect and advance the interest of capital owners.
14 We see the dramatic convergence of the economic crisis with the integration of economic globalization and geopolitics backed by neoliberal ideology. ***This is a global system that defends and protects the interests of the powerful. It affects and captivates us all. Further, in biblical terms such a system of wealth accumulation at the expense of the poor is seen as unfaithful to God and responsible for preventable human suffering and is called Mammon. Jesus has told us that we cannot serve both God and Mammon (Lk 16.13).***

Die wyse waarop daar eensydig op hierdie vyand van die armes gefokus word, lees 'n mens verder in Artikels 19 tot 27 (Sien die bylaag vir volle teks van Accra-verklaring). Dit bly vreemd dat daar nie ook van die armoede en omgewingsbesoedeling in baie voormalige kommunistiese lande gewag gemaak word nie, wat beslis nie die vryemarkstelsel ten laste gelê kan word nie. Selfs net 'n terloopse erkenning dat baie van hierdie lande ook ly as gevolg van die nadelige uitwerking van die sosialisme, sou ook meer balans in die verklaring kon bring.

Verder word daar nie genoegsaam onderskei tussen die neo-liberale ekonomiese ideologie – gebaseer op die oortuiginge wat in Punt 9 van die verklaring gelys word – en die stelsel van ekonomiese globalisering wat die hedendaagse globale vorm van die vryemarkstelsel is nie. Van die ideologie kan wel gesê word dat dit 'n regverdiging bied vir die steeds groter wordende gaping tussen ryk en arm lande en mense. Dit kan egter nie sonder meer van die stelsel van ekonomiese globalisering gesê word nie. Dit wil nie sê dat hierdie stelsel nie gekritiseer kan word nie. Die kritiek moet egter berus op 'n deeglike ondersoek waarin positiewe en negatiewe gevolge teen mekaar opgeweeg word. Rekening sal gehou moet word met die sterk konsensus onder ekonome dat die vryemarkstelsel die mees effektiewe ekonomiese stelsel is waaroor ons tans beskik. Rekening sal ook gehou moet word met die feit dat sekere faktore wat 'n bydrae tot ekonomiese globalisering gelewer het, soos byvoorbeeld die snelle uitwisseling van inligting oor landsgrense heen as gevolg van die fenomenale ontwikkeling van inligtingstegnologie, onomkeerbaar is.

Ook behoort daar duideliker tussen die stelsel van ekonomiese globalisering en die "*empire*" onderskei te word. Dit is seker so dat daar 'n alliansie van neo-liberale is wat saamspan en alles in hul vermoë doen om hul ekonomiese mag te behou en selfs uit te bou. Ekonomiese globalisering is egter nie noodwendig 'n bose instrument in die hande van die "*empire*"-bouers nie. Soos enige ekonomiese stelsel kan dit beheer en ook aangepas word om tot gunstiger resultate vir arm lande aanleiding te gee. So byvoorbeeld kan die liberalisering van die maatreëls wat die uitvoer van landbouprodukte uit ontwikkelingslande na Europa en die VSA belemmer, tot voordeel van die ontwikkelingslande aangewend word.

Dit is dan ook jammer dat organisasies soos die *Internasionale Monitêre Fonds* en die *Wereldbank* ongekwalifiseerd tot bondgenote van die "*empire*" verklaar word. Daar kan aangetoon word dat die WB nie oor die afgelope dekade of wat so 'n negatiewe rol ten aansien van opkomende ekonomieë gespeel het, as

die IMF nie. Boonop is dié organisasies nie as sodanig ‘n probleem nie. Hulle speel ‘n onontbeerlike rol in die huidige wêreldekonomie. Anders gestel: Om hulle uit die weg te ruim, sal nie die probleem van die ontwikkelingslande oplos nie. Daar sal trouens gou weer dergelike instellinge opgerig moet word om die wêreldekonomie goed te laat funksioneer. Die beter opsie is dus om dié organisasies te hervorm: Om hulle meer verteenwoordigend te maak en druk op hulle uit te oefen om beleid te formuleer en toe te pas wat meer vriendelik teenoor ontwikkelingslande is.

Ook is die tipering van die globale sisteem van welvaartsakkumulasie as Mammon ten minste eensydig. Die indruk word geskep dat die hele globale vryemarkstelsel as sodanig deurdrenk is met ‘n gees van geldverafgoding waarmee ‘n Christen liefs niks te doen moet hê nie. Hier word weer nie genoegsaam onderskei tussen die gierigheid wat die optrede van baie ryk mense en ook die regeringsbeleid wat sommige ryk lande beheers en die globale vryemarkstelsel as sodanig wat nie afhanklik is van gierigheid vir sy funksionering nie (Dink maar aan die vroeë Calvinistiese kapitaliste met hul instelling van binnewêreldse vroomheid).

Die wyse waarop die stelsel van ekonomiese globalisering op ongekwalifiseerde manier verwerp word, wys ‘n beskuldigende vinger na almal wat direk of indirek tot die instandhouding van dié stelsel bydra: sakelui, aandeelhouers in maatskappye, bestuurders en werknemers van maatskappye. As hulle almal deel uitmaak van ‘n bose ekonomiese stelsel, is hulle per implikasie almal mede-aandadig aan die stelsel. Wat word nou egter van hulle verwag? Om almal uit te klim uit die stelsel, of eerder om ‘n bydrae te lewer tot die hervorming van die stelsel sodat dit meer positiewe resultate vir armes oplewer? Die Accra-belydenis laat ons ongelukkig hieroor in die duister.

Die vraag is, wat is die alternatief? Indien die bedoeling is dat die huidige globale ekonomiese stelsel met sosialisme vervang moet word, moet dit prontuit gesê word. Dan moet die WBGK egter seker wees dat die sosialisme nie – soos dit in Kommunistiese lande die geval was - tot nog groter ekonomiese ellende vir arm mense aanleiding sal gee nie. Indien die bedoeling alleen is dat die huidige ekonomiese stelsel aangepas moet word om meer tot voordeel van arm mense te wees, pas ‘n radikale afwysing nie. Dan sou dit meer gepas gewees het om tot hervorming op te roep en selfs noodsaaklike hervormingsvoorstelle te maak.

Terwyl daar geen twyfel mag bestaan oor die geldigheid van groot dele van die verklaring, waarin die hebsug en magsug van wêreldmoondhede hulle skuldig maak nie, en terwyl daar by Christene geen twyfel behoort te bestaan dat God op ’n besondere manier deernis het met alle noodlydendes (van watter aard ookal), die stemloses en magteloses – diegene wie se menswaardigheid (ook sistemies) aangetas word - is dit jammer dat die verklaring nie ook verder gaan om ’n profetiese stem te laat hoor teen die hebsug en magsug van vele (on)verantwoordelike mense in die arm lande nie.

Ten minste twee sake is dus duidelik vanuit die teologiese beoordeling van die teks van die verklaring:

Eerstens die wyse waarop verwysings na tekste uit die Bybel ingespan word om gesag aan hierdie voorstelling van onreg te verleen – juis op ’n manier waarop die verskillende kontekste wat hierby betrokke is hoegenaamd nie vereken word nie. Ook dit sou ’n mens as ’n tipe van fundamentalisme kon aandui – wat selfs groei tot ideologiese afmetings – wat die gesprek met die verklaring uitermate bemoeilik. Met hierdie metode van Bybelgebruik, met ’n bevraagtekenbare onderliggende hermeneutiek, wil die verklaring gesag verleen aan die profetiese kritiek teenoor die “ryk lande” ten gunste van die “arm lande.”
Tweedens moet ‘n mens onthou dat die bedoeling van die Accra-verklaring tog duidelik is dat ‘n getuienis teenoor die wêreld gelewer wil word. Dit moet by die adressate integriteit hê. Daarsonder is die profesie (getuienis) kragteloos. Daarom is dit van groot belang dat die inhoud daarvan die nodige integriteit sal vertoon in die oë (en op die ore) van diegene aan wie hierdie profetiese woord gerig word. As daar dan vanuit die politieke en ekonomiese dissiplines vraagtekens kom oor die eensydigheid en veralgemenings in die verklaring, dan is dit jammer dat daardeur ammunisie aan die adressate aangebied word om daarmee die goeie bedoeling van die verklaring te neutraliseer. Dit is in die lig hiervan dat die aanbevelings hieronder aan die sinode gestel word vir aanvaarding – as ‘n amptelike reaksie van die NG Kerk op die Accra-verklaring.

8. AANBEVELINGS: EKONOMIESE GEREGTIGHEID

8.1 ACCRA-VERKLARING

8.1.1 Die Algemene Sinode erken met instemming die feit dat die Accra-verbintenis uitdrukking gee aan die pyn wat ‘n groot aantal mense in die wêreld, wat keuseloos in absolute armoede leef, daagliks ervaar – en betreur die skending van die menswaardigheid van talle magteloses in die proses.

8.1.2 Die Algemene Sinode erken dat ekonomiese globalisering in die meeste lande tot op hede nie daarin geslaag het om die lot van die armste mense in die wêreld te verlig nie (Accra punt 7) en dat

die aantal armes en werkloses in die meeste lande eerder toegeneem het en die gaping tussen ryk en arm lande steeds groter geword het.
8.1.3 Die Algemene Sinode erken dat onbeheerste ekonomiese groei in ontwikkelde lande 'n bedreiging vir die omgewing inhou, met potensieel katastrofale gevolge vir alle lewe op aarde (Accra punt 8).
8.1.4 Die Algemene Sinode betreur hiermee ook die terugsny van welsynsdienste (*social services*) in baie lande – in 'n poging om meer kompeterend te word – wat groot ontberings vir baie mense veroorsaak en gemeenskapsontwikkeling ernstig strem (Accra punt12).
8.1.5 Die Algemene Sinode spreek hom skerp uit teen die groeiende verbruikersmentaliteit onder die wêreldbevolking en die toenemende gierigheid en selfsug – en bely die kerk se aandadigheid daaraan.
8.1.6 Die Algemene Sinode wil – ondanks sy steun vir die Accra-verbintenis
8.1.6.1 nie deelneem aan die demonisering van mense en instellings net omdat hulle deel uitmaak van die internasionale handelstelsels nie
8.1.6.2 nie beweer dat globale kapitalisme die enigste oorsaak van bestaansontberings in arm lande en die kloof tussen ryk en arm is nie
8.1.6.3 nie aanvaar dat verwerping van die neo-liberale ekonomiese ideologie (aan die een kant) en steun vir die hervorming van die stelsel van ekonomiese globalisering en van bestaande organisasies wat die globale ekonomie reguleer (aan die ander kant), teenoor mekaar staan nie;
8.1.6.4 nie meedoen aan die ongenuanseerde gebruik van Bybeltekste in die beoordeling van hedendaagse ekonomiese verskynsels nie.
8.1.7 Die Algemene Sinode meen dat daar, vanuit die Gereformeerde belydenisse en ons teologiese verstaan van die Koninkryk van God, gepaardgaande met die evangeliese beginsel van die geregtigheid van God wat vra na die bevestiging van die menswaardigheid van alle mense, genoegsame teologiese regverdiging is vir die algemene strekking van die Accra-verbintenis.
8.1.8 Die Algemene Sinode besluit daarom om, saam met punte 7.1 tot 7.7 hierbo, die volgende respons aan die WBGK te gee –

We accept that the Gospel of Jesus excludes an uncritical and therefore irrational faith in the beliefs of neo-liberal economic globalisation as set out in item 9 of the declaration of faith. We reject the accumulation of wealth at the expense of the poor. We care for the earth. We refuse to admire the powerful merely because they have power and we will not revere rich people just because they are rich.

In this spirit we align ourselves with this declaration of faith.

We undertake to:
Act in solidarity with the poor: locally and globally
Avoid rampant consumerism and seek ways to live a simple lifestyle
Cooperate critically with government and others in development projects
Persevere with current – and initiate new – projects directed at fighting poverty
Promote the family as an economic growth point
Research the issues identified by die declaration of faith and
Live, teach and preach economic justice.

Always focusing on God as the Lord of all creation.

8.2 OPDRAG TAAKSPAN PROFESIE OOR PROFYT
8.2.1 Die Algemene Sinode dra dit op aan die Taakspan verantwoordelik vir *Profesie oor Profyt* om
8.2.1.1 die moontlikhede te ondersoek wat die tegnologie en die mark bied tot `n eenvoudiger en meer volhoubare lewenstyl
8.2.1.2 met ander kerke en verwante organisasies saam te werk rondom die krisis van klimaatverandering en verwante sake
8.2.1.3 met ander kerke en verwante organisasies saam te werk rondom ekologiese kwessies – en die moontlike rol wat die kerk kan speel om hierdie uitdaging aan te spreek.
8.2.2 Die Algemene Sinode moedig Teologiese Fakulteite aan om sover moontlik ekonomiese geletterdheid vir predikante in hulle *curricula* in te sluit.
8.2.3 Die Algemene Sinode besluit dat die projek *Profesie oor Profyt*, binne sy missie en visie , in samewerking met die ander lede van die N G Kerk familie voortgesit word.

Bylaag

COVENANTING FOR JUSTICE IN THE ECONOMY AND THE EARTH

(As agreed by General Council)

INTRODUCTION

1. In response to the urgent call of the Southern African constituency which met in Kitwe in 1995 and in recognition of the increasing urgency of global economic injustice and ecological destruction, the 23rd General Council (Debrecen, Hungary, 1997) invited the member churches of the World Alliance of Reformed Churches to enter into a process of "recognition, education, and confession (*processus confessionis*)". The churches reflected on the text of Isaiah 58.6 "…break the chains of oppression and the yoke of injustice, and let the oppressed go free," as they heard the cries of brothers and sisters around the world and witnessed God's gift of creation under threat.
2. Since then, nine member churches have committed themselves to a faith stance; some are in the process of covenanting; and others have studied the issues and come to a recognition of the depth of the crisis. Further, in partnership with the World Council of Churches, the Lutheran World Federation and regional ecumenical organizations, the World Alliance of Reformed Churches has engaged in consultations in all regions of the world, from Seoul/Bangkok (1999) to Stony Point (2004). Additional consultations took place with churches from the South in Buenos Aires (2003) and with churches from South and North in London Colney (2004).
3. Gathered in Ghana, for the General Council of the World Alliance of Reformed Churches, we visited the slave dungeons of Elmina and Cape Coast where millions of Africans were commodified, sold and subjected to the horrors of repression and death. The cries of "never again" are put to the lie by the ongoing realities of human trafficking and the oppression of the global economic system.
4. Today we come to take a decision of faith commitment.

READING THE SIGNS OF THE TIMES

5. We have heard that creation continues to groan, in bondage, waiting for its liberation (Romans 8.22). We are challenged by the cries of the people who suffer and by the woundedness of creation itself. We see a dramatic convergence between the suffering of the people and the damage done to the rest of creation.
6. The signs of the times have become more alarming and must be interpreted. The root causes of massive threats to life are above all the product of an unjust economic system defended and protected by political and military might. Economic systems are a matter of life or death.
7. We live in a scandalous world that denies God's call to life for all. The annual income of the richest 1% is equal to that of the poorest 57%, and 24,000 people die each day from poverty and malnutrition. The debt of poor countries continues to increase despite paying back their original borrowing many times over. Resource-driven wars claim the lives of millions, while millions more die of preventable diseases. The HIV and AIDS global pandemic afflicts life in all parts of the world, affecting the poorest where generic drugs are not available. The majority of those in poverty are women and children and the number of people living in absolute poverty on less than one US dollar per day continues to increase.
8. The policy of unlimited growth among industrialized countries and the drive for profit of transnational corporations have plundered the earth and severely damaged the environment. In 1989, one species disappeared each day, and by 2000 it was one every hour. Climate change, the depletion of fish stocks, deforestation, soil erosion, and threats to fresh water are among the devastating consequences. Communities are disrupted, livelihoods are lost, coastal regions and Pacific islands are threatened with inundation, and storms increase. High levels of radioactivity threaten health and ecology. Life forms and cultural knowledge are being patented for financial gain.
9. **This crisis is directly related to the development of neoliberal economic globalization, which is based on the following beliefs**:

- unrestrained competition, consumerism, and the unlimited economic growth and accumulation of wealth is the best for the whole world;
- the ownership of private property has no social obligation;
- capital speculation, liberalization and deregulation of the market, privatization of public utilities and national resources, unrestricted access for foreign investments and imports, lower taxes, and the unrestricted movement of capital will achieve wealth for all;
- social obligations, protection of the poor and the weak, trade unions, and relationships between people, are subordinate to the processes of economic growth and capital accumulation.

10. ***This is an ideology that claims to be without alternative, demanding an endless flow of sacrifices from the poor and creation. It makes the false promise that it can save the world through the creation of wealth and prosperity, claiming sovereignty over life and demanding total allegiance, which amounts to idolatry.***
11. ***We recognize the enormity and complexity of the situation. We do not seek simple answers. As seekers of truth and justice and looking through the eyes of powerless and suffering people, we see that the current world (dis)order*** *is rooted in an extremely complex and immoral economic system defended by empire. In using the term "empire" we mean the coming together of economic, cultural, political and military power that constitutes a system of domination led by powerful nations to protect and defend their own interests.*
12. ***In classical liberal economics, the state exists to protect private property and contracts in the competitive market. Through the struggles of the labour movement, states began to regulate markets and provide for the welfare of people. Since the 1980s, through the transnationalization of capital, neoliberalism has set out to dismantle the welfare functions of the state****. Under neoliberalism the purpose of the economy is to increase profits and return for the owners of production and financial capital, while excluding the majority of the people and treating nature as a commodity.*
13. As markets have become global, so have the political and legal institutions which protect them. The government of the United States of America and its allies, together with international finance and trade institutions (International Monetary Fund, World Bank, World Trade Organization) use political, economic, or military alliances to protect and advance the interest of capital owners.
14. We see the dramatic convergence of the economic crisis with the integration of economic globalization and geopolitics backed by neoliberal ideology. **This is a global system that defends and protects the interests of the powerful. It affects and captivates us all. Further, in biblical terms such a system of wealth accumulation at the expense of the poor is seen as unfaithful to God and responsible for preventable human suffering and is called Mammon. Jesus has told us that we cannot serve both God and Mammon (Lk 16.13).**

CONFESSION OF FAITH IN THE FACE OF ECONOMIC INJUSTICE AND ECOLOGICAL DESTRUCTION

15. Faith commitment may be expressed in various ways according to regional and theological traditions: as confession, as confessing together, as faith stance, as being faithful to the covenant of God. We choose confession, not meaning a classical doctrinal confession, because the World Alliance of Reformed Churches cannot make such a confession, but to show the necessity and urgency of an active response to the challenges of our time and the call of Debrecen. We invite member churches to receive and respond to our common witness.
16. Speaking from our Reformed tradition and having read the signs of the times, the General Council of the World Alliance of Reformed Churches affirms that global economic justice is essential to the integrity of our faith in God and our discipleship as Christians. We believe that the integrity of our faith is at stake if we remain silent or refuse to act in the face of the current system of neoliberal economic globalization and therefore **we confess** before God and one another.
17. **We believe** in God, Creator and Sustainer of all life, who calls us as partners in the creation and redemption of the world. We live under the promise that Jesus Christ came so that all might have life in fullness (Jn 10.10). Guided and upheld by the Holy Spirit we open ourselves to the reality of our world.
18. **We believe** that God is sovereign over all creation. "The earth is the Lord's and the fullness thereof" (Psalm 24.1).
19. **Therefore, we reject** the current world economic order imposed by global neoliberal capitalism and any other economic system, including absolute planned economies, which defy God's covenant by excluding the poor, the vulnerable and the whole of creation from the fullness of life. We reject any claim of economic, political, and military empire which subverts God's sovereignty over life and acts contrary to God's just rule.
20. **We believe** that God has made a covenant with all of creation (Gen 9.8-12). God has brought into being an earth community based on the vision of justice and peace. The covenant is a gift of grace that is not for sale in the market place (Is 55.1). It is an economy of grace for the household of all of creation. Jesus shows that this is an inclusive covenant in which the poor and marginalized are preferential partners, and calls us to put justice for the "least of these" (Mt 25.40) at the centre of the community of life. All creation is blessed and included in this covenant (Hos 2.18ff).
21. **Therefore we reject** the culture of rampant consumerism and the competitive greed and selfishness of the neoliberal global market system, or any other system, which claims there is no alternative.
22. **We believe** that any economy of the household of life, given to us by God's covenant to sustain life, is accountable to God. We believe the economy exists to serve the dignity and well being of people in

community, within the bounds of the sustainability of creation. We believe that human beings are called to choose God over Mammon and that confessing our faith is an act of obedience.

23. **Therefore we reject** the unregulated accumulation of wealth and limitless growth that has already cost the lives of millions and destroyed much of God's creation.

24. **We believe** that God is a God of justice. In a world of corruption, exploitation, and greed, God is in a special way the God of the destitute, the poor, the exploited, the wronged, and the abused (Psalm 146.7-9). God calls for just relationships with all creation.

25. **Therefore we reject** any ideology or economic regime that puts profits before people, does not care for all creation, and privatizes those gifts of God meant for all. We reject any teaching which justifies those who support, or fail to resist, such an ideology in the name of the gospel.

26. **We believe** that God calls us to stand with those who are victims of injustice. We know what the Lord requires of us: to do justice, love kindness, and walk in God's way (Micah 6.8). We are called to stand against any form of injustice in the economy and the destruction of the environment, "so that justice may roll down like waters, and righteousness like an ever-flowing stream" (Amos 5.24).

27. **Therefore we reject** any theology that claims that God is only with the rich and that poverty is the fault of the poor. We reject any form of injustice which destroys right relations – gender, race, class, disability, or caste**.** We reject any theology which affirms that human interests dominate nature.

28. **We believe** that God calls us to hear the cries of the poor and the groaning of creation and to follow the public mission of Jesus Christ who came so that all may have life and have it in fullness (Jn 10.10). Jesus brings justice to the oppressed and gives bread to the hungry; he frees the prisoner and restores sight to the blind (Lk 4.18); he supports and protects the downtrodden, the stranger, the orphans and the widows.

29. **Therefore we reject** any church practice or teaching which excludes the poor and care for creation, in its mission; giving comfort to those who come to "steal, kill and destroy" (Jn 10.10) rather than following the "Good Shepherd" who has come for life for all (Jn 10.11).

30. **We believe** that God calls men, women and children from every place together, rich and poor, to uphold the unity of the church and its mission, so that the reconciliation to which Christ calls can become visible.

31. **Therefore we reject** any attempt in the life of the church to separate justice and unity.

32. **We believe** that we are called in the Spirit to account for the hope that is within us through Jesus Christ, and believe that justice shall prevail and peace shall reign.

33. **We commit ourselves** to seek a global covenant for justice in the economy and the earth in the household of God.

34. **We humbly confess** this hope, knowing that we, too, stand under the judgement of God's justice.

- We acknowledge the complicity and guilt of those who consciously or unconsciously benefit from the current neoliberal economic global system; we recognize that this includes both churches and members of our own Reformed family and therefore we call for confession of sin.
- We acknowledge that we have become captivated by the culture of consumerism, and the competitive greed and selfishness of the current economic system. This has all too often permeated our very spirituality.
- We confess our sin in misusing creation and failing to play our role as stewards and companions of nature.
- We confess our sin that our disunity within the Reformed family has impaired our ability to serve God's mission in fullness.

35. **We believe**, in obedience to Jesus Christ, that the church is called to confess, witness and act, even though the authorities and human law might forbid them, and punishment and suffering be the consequence (Acts 4.18ff). Jesus is Lord.

36. **We join in praise** to God, Creator, Redeemer, Spirit, who has "brought down the mighty from their thrones, lifted up the lowly, filled the hungry with good things and sent the rich away with empty hands" (Lk 1.52f).

COVENANTING FOR JUSTICE

37. By confessing our faith together, we covenant in obedience to God's will as an act of faithfulness in mutual solidarity and in accountable relationships. This binds us together to work for justice in the economy and the earth both in our common global context as well as our various regional and local settings.

38. On this common journey, some churches have already expressed their commitment in a confession of faith. We urge them to continue to translate this confession into concrete actions both regionally and locally. Other churches have already begun to engage in this process, including taking actions and we urge them to engage further, through education, confession and action**.** To those other churches, which are still in the process of recognition, we urge them on the basis of our mutual covenanting accountability, to deepen their education and move forward towards confession.

39. The General Council calls upon member churches, on the basis of this covenanting relationship, to undertake the difficult and prophetic task of interpreting this confession to their local congregations.
40. The General Council urges member churches to implement this confession by following up the Public Issues Committee's recommendations on economic justice and ecological issues
41. The General Council commits the World Alliance of Reformed Churches to work together with other communions, the ecumenical community, the community of other faiths, civil movements and people's movements for a just economy and the integrity of creation and calls upon our member churches to do the same.
42. ***Now we proclaim with passion that we will commit ourselves, our time and our energy to changing, renewing, and restoring the economy and the earth, choosing life, so that we and our descendants might live (Deuteronomy 30.19).***

A.4.2 VERSLAG VAN DIE ALGEMENE DIENSGROEP DIENS EN GETUIENIS: *NOOD EN GENESING*

1. IMPLEMENTERING VAN DIE ROEPINGSVERKLARING (2002)

1.1 By al die vergaderings van die Algemene Sinode sedert 1994 het daar gesprekke plaasgevind oor die plek (posisie) en die rol van die NG Kerk in 'n nuwe staatkundige bedeling in Suid-Afrika. Die Algemene Sinode van 2002 het trouens 'n Verklaring aanvaar waarin die kerk haar roeping in Suider-Afrika opnuut verwoord het. In die Verklaring verbind die NG Kerk haar daaraan om betrokke te wees by die konteks van Suider-Afrika. Die verbintenis word grootliks in terme van gemeenskapsbetrokkenheid beskryf, byvoorbeeld:

* Die Woord van die Here tydig en ontydig te verkondig en orals getuienis af te lê van die hoop wat in ons leef
* Meegevoel betuig aan die talle slagoffers
* Meewerk aan oplossings vir ons samelewing
* Op elke vlak waar ons kan help, betrokke te raak
* Verseker die owerheid van voorbidding en ons verbintenis tot diens aan die gemeenskap
* Met ander Christene hande vat om ons lande op te bou en pynlike omstandighede te verlig
* Roep gemeentes op om betrokke te wees by die genesing van die land
* Die kerk wil sout vir die aarde en lig vir wêreld wees

1.2 Alhoewel die daaropvolgende sinode (2004) 'n aantal strategieë geformuleer het, blyk dit 'n leemte te wees dat daar nie 'n duidelike program van aksie of riglyne ontwerp is waarvolgens die kerk op 'n geïntegreerde wyse in die gemeenskap/samelewing betrokke gaan wees nie.

1.3 Dit wil verder voorkom asof gemeentes en lidmate nie oral ewe bekend is met die inhoud van die Verklaring en die spesifieke verstaan van die plek en roeping van die NG Kerk in die terme van gemeenskapsbetrokkenheid soos dit daarin geformuleer is nie. Lidmate is soms eerder apaties of openbaar 'n negatief-kritiese beskouing teenoor die "nuwe " Suid-Afrika wat aan hoop-loosheid grens. Die erns en omvang van die huidige maatskaplike problematiek soos geweld en misdaad, MIV/VIGS en armoede versterk dikwels eerder die gevoel van hoop-loosheid.

1.4 Die NG Kerk is reeds op verskillende vlakke en op verskillende wyses betrokke by die maatskaplike problematiek van die lande waar die kerk funksioneer, byvoorbeeld armoedeverligting, MIV/VIGS, maatskaplike en ekonomiese ongeregtigheid, misdaad en geweld en die vervlaking van (Bybelse) waardes. Die optrede van die verskillende vergaderings in die kerkverband: gemeentes, ringe en sinodes is egter dikwels nie gekoördineerd en geïntegreerd nie, en dit kan fragmentering en die verdeling van bronne meebring. Nog 'n leemte is dat daar nie 'n omvattende inligtingsversamelingstelsel in die kerk funksioneer nie en daarom is dit onmoontlik om 'n oorsig te gee van die kerk se betrokkenheid.

1.5 Die huidige samelewingsproblematiek is kompleks met 'n verskeidenheid van oorsake en ingewikkelde dinamika. Daarom is die oplossings nie eenvoudig nie en dit is soms baie moeilik om presies te defineer hoe die kerk daarby betrokke kan wees. Die tradisionele terreinafbakenings van kommissies of diensgroepe in die kerk werk mee aan 'n gefragmenteerde benadering wat naas duplisering en fragmentering ook die moontlikheid inhou dat daar verskillende sienings oor die oorsake en oplossings kan wees.

1.6 Die vraag is dikwels ook waar die impak van die kerk die grootste kan wees: op nasionale, provinsiale of plaaslike vlak. Die siening dat die beste oplossing is om op nasionale vlak met die regering te onderhandel is nog te veel aanwesig. Die benadering wat die ADD hier wil voorstel is dat kerklike gemeenskapsbetrokkenheid op al drie vlakke van die samelewing nodig is. Hierdie kerklike betrokkenheid moet egter 'n geïntegreerde betrokkenheid wees wat openbare getuienis, asook dienslewering en ekumeniese samewerking insluit en waarin al die diensgroepe/bedieninge in die kerk sal meewerk in 'n geïntegreerde program. So 'n kerklike betrokkenheid beteken dan in praktyk 'n kritiese konstruktiewe samewerking met die owerheid asook deelname aan strukture en prosesse in die gemeenskap. Dit behoort ook 'n kritiese konstruktiewe deelname aan prosesse waarin beleid en programme ontwikkel word, in te sluit.

1.7 Die ADD oordeel dat 'n omvattende, geïntegreerde beleidsdokument soos *Kerk en Samelewing* ontwikkel moet word, wat naas strategieë en aksieplanne, ook 'n teologiese begronding vir die kerk se betrokkenheid in die samelewing en gemeenskap behoort te bevat. Daar moet ook duidelike aanduidings wees van die verskillende rolle van die verskillende vergaderings in die kerkverband asook riglyne om te verseker dat dit 'n gekoördineerde strategie sal wees. Die ander drie kerke in die naby NG Kerkfamilie, die VGKSA, NGKA en RCA behoort deel te wees van die proses.

1.8 AANBEVELING: IMPLEMENTERING VAN DIE ROEPINGSVERKLARING (2002)

Die Algemene Sinode

1.8.1 Wys 'n ad hoc taakspan aan bestaande uit verteenwoordigers van al die diensgroepe om 'n omvattende, geïntegreerde beleidsdokument waarin 'n strategie vir die implementering van die kerk

se roeping in die Suider-Afrika konteks soos dit verwoord is in die Verklaring (2002), voor te berei. Die vorige opdragte rakende strategiëe vir armoedebestryding, die bekamping van misdaad en geweld, die MIV en Vigsstrategie (die Goeie Herder strategie) moet ook in die beleidsdokument opgeneem word.
1.8.2 Versoek die Moderatuur om met die ander drie kerke te onderhandel sodat dit 'n gesamentlike projek sal wees waarin die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis die leiding neem.
1.8.3 Gee opdrag dat die taakgroep so gou moontlik 'n vorderingsverslag aan die ASM voorlê.
1.8.4 Versoek die ASM om addisioneel vir die proses te begroot.

2. ARMOEDEBESTRYDING

2.1 *(Handelinge 2004: 365 pt.4.3)*
die Algemene Sinode versoek die Diensgroep Diensgetuienis om 'n strategie vir die bekamping en uitwissing van armoede in Suider-Afrika te ontwikkel. Die strategie behoort onder andere 'n definisie (omskrywing) van armoede, die hantering van rykdom en ekumeniese samewerking in te sluit. In die ontwikkeling van die strategie behoort oorleg met die Diensgroep Gemeente-en-Bediening gepleeg te word.
Handelinge 2004:375 pt B.5.2
1. Die Algemene Sinode besluit om 'n indringende studie te onderneem oor die implikasies van globalisering in al die dimensies daarvan vir die Suider-Afrikaanse samelewing en die Suider-Afrikaanse kerke en hul lidmate. Aandag moet in die besonder aan die ekonomiese en kulturele dimensies van globalisering gegee word.
2. Die Sinode besluit om die voorgestelde studie, sover moontlik, in samewerking met ander kerke in die NG Kerkfamilie te onderneem en om deskundiges uit verskillende vakgebiede by die studie te betrek.
3. Die Sinode besluit om betrokke te raak by ekumeniese besinning oor globalisering in Suider-Afrika en in ekumeniese organisasies soos die WBGK en die WRK.
Handelinge 2004:7.5
1. Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Taakspan Leer en Aktuele Sake om:
1.1 die projek Profesie oor Profyt soos uiteengesit in die ASK-verslag by pt 7.5, in oorleg met die Diensgroep vir Diens en Getuienis te begelei en by die volgende Sinode verslag te doen;
1.2 saam met ander deelnemers aan die projek die kerk se reaksie op die Accra-verklaring van die WBGK uit te werk.
2. Die Sinode stel oudl Koos Pauw as projek-koördineerder aan.
2.2 Die voormalige AKDB (NG Kerk) en die ASKDD (VGKSA) het reeds voor die vorige vergadering van die algemene sinode armoedebestryding as een van die prioriteitsareas waaraan die twee kerke wil saamwerk, geïdentifiseer en begin om in samewerking met ISWEN 'n strategie vir die kerk se betrokkenheid hierby te ontwikkel. Uit die proses het dit geblyk dat dit meer effektief kan wees om nie afsonderlike strategieë vir die kerk se betrokkenheid by maatskaplike problematiek soos armoedebestryding, MIV en Vigs en geweld en misdaad te ontwikkel nie, maar eerder te fokus op hoe sinodes begelei kan word om gemeentes en lidmate toe te rus om op 'n geïntegreerde wyse in die gemeenskap betrokke te wees by hierdie probleme en soos nodig kerklike programme te beplan en te implementeer. Die funksie van die algemene sinodale verband is dan eerder om sinodes by te staan met navorsing, beleidsdokumente en om op nasionale en internasionale vlak die kerk in die diskoers oor armoede-uitwissing en ontwikkeling te verteenwoordig. 'n Konsepstrategie in die verband met die identifikasienaam PROJECT RIGHT DIRECTION, is gesamentlik deur die AKDB (NG Kerk) en die ASKDD (VGKSA) ontwikkel. Met die totstandkoming van die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis het die NGKA en die RCA ook hierby betrokke geraak. In die lig van bogenoemde prosesse het die ADD dus nie aan 'n afsonderlike NG Kerk strategie vir armoedebestryding gewerk nie.
2.3 Intussen het die ACCRA Verklaring van die WBGK (2004) ook op die agenda van die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis gekom, aangesien die Algemene Sinode van die VGKSA die aangeleentheid na hulle Diensgroep vir Diens en Getuienis verwys het. Die Verenigde Diensgroep is tans besig met navorsing om weë te vind waarlangs die temas wat in die ACCRA Verklaring aan die orde gestel word, as gesprekstemas in die gemeentes van die kerke van die NG Kerkfamilie ingelei kan word. In die lig hiervan wil die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis graag deel wees van die studie oor die ekonomiese en kulturele impak van globalisering waarop die vorige sinode besluit het.

2.4 AANBEVELINGS: ARMOEDEBESTRYDING
Die Algemene Sinode
2.4.1 Aanvaar die ADD se siening om nie verder afsonderlike strategieë vir die hantering verskillende maatskaplike probleme te ontwikkel nie en neem daarvan kennis dat die ADD saam met van die VGKSA, RCA en NGKA begin het om 'n geïntegreerde strategie vir die kerk se betrokkenheid in die gemeenskap te ontwikkel.
2.4.2 Neem kennis dat die ADD saam met die ander kerke in die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis na weë soek om 'n gemeentelike gesprek oor die temas van die ACCRA Verklaring (2004) te inisieer.

3. GEWELD EN MISDAAD

3.1 *(Handelinge 2004:380 pt.2.2.3)*
Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Algemene Diensgroep Leiers (ADL) om die hele kwessie van geweld en misdaad as hoë prioriteit op sy agenda te hou. (Vgl A.13.4:1).
Die Algemene Sinode verwys die saak van geweldsmisdaad na die Diensgroep Diensgetuienis met die opdrag om 'n omvattende strategie (na aanleiding van die Vigsstrategie) oor geweld en misdaad te ontwikkel met verslag en afhandeling deur die ADL.
3.2 Die gesprek oor geweld en misdaad in die Suid-Afrikaanse samelewing en die kerk se roeping in die verband wat by die vorige vergadering van die Algemene Sinode (2004) begin het, is sedertdien op verskillende wyses voortgesit, ondere andere deur die Moderamen en in ekumeniese konsultasies. Die Moderamen doen verder hieroor verslag.
3.3 Die aangeleentheid was egter voor die sinodesitting van 2004 reeds op die agenda van die gesamentlike werkgroep van die voormalige AKDB (NG Kerk) en ASKDD (VGKSA). Hierdie werkgroep het voorgestel dat die kerke nie 'n afsonderlike strategie vir die bekamping van geweld en misdaad opstel nie, maar dat dit deel word van die strategie wat fokus op gemeentes se betrokkenheid in die plaaslike gemeenskap.
3.4 Die aangeleentheid is ook op die agenda van die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis wat besluit het om saam met die Christelike Lektuurfonds materiaal te ontwikkel wat fokus op die opbou van morele waardes in die samelewing, die bediening aan die slagoffers en die oortreders.
3.5 AANBEVELING: GEWELD EN MISDAAD
Die Algemene Sinode neem kennis van die ADD se siening dat daar nie 'n afsonderlike strategie oor geweld en misdaad ontwikkel word nie, maar dat dit deel behoort te wees van 'n breër strategie wat fokus op gemeentes se betrokkenheid in die plaaslike gemeenskap en herroep die vorige opdrag aan die Diensgroep Diens en Getuienis.

4. IMPLEMENTERING VAN DIE VIGSSTRATEGIE

4.1 *(Handelinge 204 p.442 punte 1-3)*
Gee opdrag aan die Algemene Diensgroep Diensgetuienis om op advies van die NG Kerk Vigsforum die volgende te doen:
** Om namens die kerk en as deel van die kerk se openbare getuienis, pro- en reaktief standpunte te stel oor sake in verband met MIV en VIGS waaroor leiding en menings benodig word.*
** Om namens die kerk ekumeniese betrekkinge met ander kerke in verband met die hantering van die MIV/vigsepidemie aan te gaan. Noue samewerking met die kerke in die NG Kerk-familie is van besondere belang.*
** Om namens die kerk met die nasionale en buitelandse regerings en ander nasionale en internasionale organisasies te skakel in verband met die hantering van MIV en VIGS.*
** Om gereeld die vordering met die implementering van hierdie strategie, en in besonder die bereiking van die oogmerke van die strategie, te evalueer aan die hand van terugvoer wat verskaf word en om strategiese leiding te gee in hierdie verband.*
** Om met die toepaslike opleidingsinstellings te onderhandel oor die insluiting van MIV- en VIGSverwante temas in die opleiding wat aan leraars, maatskaplike werkers en ander toepaslike dissiplines verskaf word.*
** Om met van die toepaslike medewerkende organisasies (verwys pt.3) verbintenisse of ooreenkomste aan te gaan.*
6. Gee opdrag aan die NG Kerk Vigsforum om op 'n deurlopende basis aandag te gee aan die verloop van die MIV/Vigsepidemie om:
** inligting wat vir die kerk ter sake is, aan die Diensgroep Diens en Getuienis, sinodes, ringe en gemeentes deur te gee;*
** aangeleenthede wat met MIV en VIGS verband hou en waaroor kerklike leiding nodig is, deurlopend te identifiseer;*
** dit Bybels-teologies te belig en die Diensgroep Diens en Getuienis daaroor te adviseer*
** en om standpunte en riglyne van die Diensgroep Diens en Getuienis aan sinodes, ringe en gemeentes deur te gee;*
** diensverskaffers wat aktief is op die terrein van MIV en VIGS te identifiseer en inligting daaroor beskikbaar te maak;*
** toepaslike beskikbare materiaal en hulpbronne te identifiseer en inligting daaroor beskikbaar te maak en waar nodig die ontwikkeling van materiaal en ander toepaslike hulpmiddels te fasiliteer;*
** 'n implementeringskedule, befondsingstrategie, begroting en projekbestuursplan wat die implementering van hierdie algemene strategie sal rig en ondersteun, in oorleg met die Diensgroep Diens en Getuienis, die Taakspan Fondse, verteenwoordigers van die sinodes en die medewerkende organisasies op te stel;*
** die moontlikheid om befondsing van eksterne bronne te verkry vir werk en projekte wat uit hierdie strategie voortspruit, te ondersoek en op te volg, soos in punt 5 uiteengesit;*

** advies en steun met betrekking tot die implementering van die strategie te verskaf aan sinodes, ringe, gemeentes en ander medewerkers;*
** vordering met implementering van die uitvoering van hierdie strategie te evalueer en om gereeld terugvoer hieroor aan die ADL, die Diensgroep Diens en Getuienis, die sinodes en die Algemene Sinode te verskaf*
** en saam met die ander kerke in die NG Kerkfamilie te werk aan 'n gesamentlike strategie vir die NG Kerk-familie.*
** Waar nodig, kan take van die Vigsforum opgedra word aan medewerkers om dit namens die Forum uit te voer. Indien take aan medewerkers opgedra word, berus die finale verantwoordelikheid vir daardie take steeds by die Forum*
4.2 Die Diensgroep: Diens en Getuienis het sover moontlik aan al die bostaande opdragte aandag gegee. Sommige opdragte is deurlopend van aard en word sodanig hanteer.Ten opsigte van **ekumeniese vennootskappe** is die ADD betrokke by die SA Christian Consultative Process on HIV and AIDS, 'n ekumeniese netwerk wat na SACLA II ontstaan het. Die ADD is ook deel van die gesprek in die godsdienssektor oor die Nasionale Strategiese Plan vir HIV en Vigs wat deur die Regering opgestel is. Die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis het ook besluit om gemeentes aan te moedig om die Herdenkingsondag wat jaarliks in Mei deur kerke dwarsoor die wêreld gevier word en die Vigsforum is versoek om materiaal wat gemeentes kan gebruik beskikbaar te stel.
4.3 Die **NG Kerk Vigsforum** het besluit om in die lig van die totstandkoming van die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis ook verteenwoordigers van die ander drie kerke te nooi om deel te word van die forum. Dit is in lyn met die vorige besluite van die Algemene Sinode (AS 2002.p.534, punt 1.2). Die suggestie van die NG Kerk Vigsforum is dat die naam van die forum verander word na die **Vigsforum van die NG Kerkfamilie** en dat die forum sal rapporteer aan die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis. Uit verslae wat die NG Kerk Vigsforum ontvang het blyk dit dat daar reeds in verskeie sinodale gebiede gesamentlike Vigsforums ontstaan het.
4.4 Ten opsigte van die implementering van die **Goeie Herder Vigsstrategie** is die ADD van mening dat dit eerder 'n funksie van gemeentes, ringe en sinodes is en dat die ADD en Vigsforum in die verband eerder leiding moet gee en waar dit nodig mag wees, prosesse fasiliteer. Die forum is tans besig om die verklarings en strategieë van die vier kerke te bestudeer met die oog daarop om 'n gesamentlike strategie vir die NG Kerkfamilie te ontwikkel. Verder het die forum in oorleg met CABSA materiaal aan gemeentes beskikbaar gestel wat gebruik kon word vir die viering van Wêreld Vigsdag aan die begin van Desember.
4.5 AANBEVELINGS: IMPLEMENTERING VAN DIE VIGSSTRATEGIE
Die Algemene Sinode
4.5.1 Keur dit goed dat die NG Kerk Vigsforum omvorm word tot 'n forum van die NG Kerkfamilie en dat dit voortaan aan die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis rapporteer. Die Algemene Sinode van die NG Kerk ontvang voortaan verslag van die forum deur die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis.
4.5.2 Kontinueer die vorige opdragte aan die ADD rakende die implementering van die Goeie Herder Strategie.
4.5.3 Herbevestig die sinode se verklaring en standpunt ten opsigte van MIV/VIGS soos goedgekeur deur die Algemene Sinode (2002) en versoek sinodes om dit opnuut weer aan gemeentes deur te gee.

5. VERSOENING

5.1 Die vorige sinode het dit aan die Moderamen opgedra om in oorleg met die ekumeniese vennote aandag te gee aan die aanbevelings van die WVK wat kerke raak of mag raak. Die ASM het intussen die opdrag na die ADD verwys. Die ADD is van mening dat versoening in die huidige Suid-Afrikaanse samelewing 'n kernfokus behoort te wees en werk tans aan riglyne vir kerklike strukture.
5.2 Die ADD besef dat versoening 'n komplekse saak is wat wyer gaan as die aanbevelings van die WVK. Die riglyne waaraan die ADD werk sal onder andere aan die volgende sake aandag moet gee:
* versoening lê in die hart van die evangelie (versoening tussen mens en God en tussen mens en mens)
* in 'n stukkende land het die kerk, en by name die NG Kerk, 'n besliste versoeningsrol om te speel
* 'n duidelike definisie van versoening is nodig
* versoening en waarheid gaan hand aan hand
* geregtigheid en versoening is twee kante van dieselfde muntstuk
* versoening veronderstel 'n pastorale proses
* versoening vra sterk leierskap
* in die huidige Suid-Afrikaanse konteks moet daar versoening kom oor onregte van die verlede en van die hede
* soms moet versoening tussen partye kom sonder dat daar 'n skuldige en 'n slagoffer aangewys kan word.
Die ADD oordeel dat in die lig van die totstandkoming van die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis die ontwikkeling van riglyne vir versoening 'n gesamentlike projek behoort te wees.

5.3 AANBEVELING: VERSOENING
Die Algemene Sinode versoek die ADD om saam met die ander drie kerke in die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis so spoedig moontlik riglyne vir versoening te ontwikkel.

6. KERKLIKE MAATSKAPLIKE DIENSTE

6.1 Die NG Kerk is reeds sedert die einde van die neëntiende eeu by die residensiële versorging (inrigtingsorg) van kinders en vroue in nood betrokke. Die inrigtingsorg is later uitgebrei na koshuise vir jongmense wat in die stede gaan werk het en nog later na ouer persone. Vanaf die middel van die vorige eeu benut die kerk ook professionele maatskaplike werkers om haar diakonaat te ondersteun. Die dienslewering is tans so georganiseer dat daar in elke sinodale gebied een of meer geregistreerde organisasies sonder winsoogmerk is, wat 'n bepaalde verbintenis met die betrokke sinode het. Uit die statistiek wat van die sinodale diensorganisasies ontvang is blyk dit dat die kerklike maatskaplike dienste die afgelope paar dekades ontwikkel het tot 'n omvattende program wat meer as 'n miljoen mense per jaar bedien.

Tabel 1: Verbruikers van kerklike maatskaplike dienste

Maatskaplike werk (Individuele berading, Groepe en Gemeenskapswerk)	1 105 008
Residensiële sorg: kinders	2 956
Residensiële sorg: ouer persone	3 769
Residensiële sorg: Alkohol en dwelmafhanklikheid	61 338
Residensiële sorg: Moeders in swangerskapkrisis	65
Residensiële sorg: Gestremde persone	360
Totaal	**1 173 496**

6.2 Die groei van die kerklike maatskaplikediensprogram het grootliks te make gehad met die baie goeie kerk-staat verhouding wat sedert die middel van die vorige eeu tussen die NG Kerk en die Regering ontwikkel het. Die kerk was betrokke by die ontwikkeling van maatskaplikewelsynsbeleid wat ondere andere in 'n baie konstante staatsubsidie gerealiseer het. Sedert die begin van die neëntigerjare het die begin duidelik word dat die gunstige verhouding met die staat onder druk gaan kom en was daar groot kommer oor die implikasie wat die ondere andere op een van die belangrike inkomstebronne, naamlik staatsubsidies, vir kerklike maatskaplike dienste gaan hê. Aangesien die toekenning van subsidies sedert 1994 'n funksie van die provinsiale owerhede geword het, het die kerklike organisasies in die onderskeie sinodes die afgelope paar jaar hard gewerk om met die onderskeie provinsiale owerhede verhoudinge op te bou. Ten spyte hiervan is die situasie oor staatsubsidie steeds kommerwekkend en elke provinsie hanteer die aangeleentheid verskillend. Uit die statisitiek van die sinodale organisasies blyk dit dat staatsubsidie as 'n inkomstebron steeds krimp.

Uit die verslae van die sinodale organisasies blyk dit dat die totale inkomste vir 2005/2006 ongeveer R500,000,000 beloop het terwyl die totale uitgawes ongeveer R470,000,000 was. Die inkomste uit staatsubsidies was slegs ongeveer 34% van die totale uitgawes.

6.3 In die vorige verslag aan die sinode is melding gemaak van die moeilike omstandighede waarin maatskaplike werkers en die ander personeel van die maatskaplikediensprogramme moet werk. Hierdie situasie het sedertdien nog nie verbeter nie. Die programme word swaar getref deur veral die tekort aan maatskaplike werkers en verpleegkundiges as gevolg van die uittog van persone om beter diensvoordele in of die staat of oorsee te bekom. Die situasie werk tans baie negatief op beide die maatskaplikewelsynsdienslewering en gesondheidsorg in Suid-Afrika in. Die ADD is betrokke by verskeie netwerke wat hierdie situasie probeer verander.

Uit die statistiek van die sinodale organisasies blyk dit dat daar in die finansiële jaar 2005/2006 meer as 7 000 persone voltyds in diens van Kerklike Maatskaplikediensprogramme was en dat 'n verdere ongeveer 27 000 persone vrywilliger-dienste verrig het.

6.4 In die gesprek met die staat en selfs in beleidsdokumente gebeur dit al meer dat die Staat die kerk en kerklike organisasies of geloofsgebaseerde organisasies as 'n belangrike vennoot sien. Naas die positiewe hiervan soos die erkenning en ruimte wat aan die kerk gegee word, is daar ook gevare hieraan verbonde soos dat die dienste hulle identiteit as christelike of kerklike dienste kan verloor of bloot net lakeie van die staat kan word wat die staat se agenda uitvoer. Daarom het die ADD via die Kerklike Maatskaplike Dienste Raad die afgelope twee jaar 'n intensiewe gesprek gefasiliteer oor die identiteit van kerklike maatskaplike dienste. In die gesprek is daar konsensus aan die vorm dat die dienste baie naby aan die kerk

geposisioneer moet wees, aangesien die bedoeling sedert die begin was, en nog steeds is, dat die program eintlik die gemeente se bediening in die gemeenskap wil ondersteun en aanvul.

6.5 Uit die statistiek wat beskikbaar is is dit duidelik dat die kerklike maatskaplikediensteprogram eintlik 'n gemeenskapsbediening is wat die hele gemeenskap bedien. In al die sinodes is dit so dat die groter deel van die diensverbruikers nie lidmate van die NG Kerk is nie en daarom is die verskillende maatskaplikediensteprogramme in die verskillende gemeenskappe 'n goeie geleentheid vir gemeentes en lidmate om in die gemeenskap betrokke te raak. In die sin is die kerklike maatskaplikediensteprogram ook 'n baie goeie instituut vir die kerk, gemeentes, ringe en sinodes om gestalte te gee aan die Roepingsverklaring (2002).